Die beste evaluasie en ontwikkeling van jong bulle

hoekom *die* artikel lees?

Gerrit van Zyl wou dit vir homself uitklaar of beesboere nie onder die beskerming van die die wetenskap, diere benadeel soos die aantuigings van oral kom nie. Hy verkoop bulle op twee jaar ouderdom, en wou dus sien of daar 'n evaluasie metode is wat beter pas by hierdie praktyk. Dit was ook vir hom belangrik om na sy eie bankrekening om te sien.

Hierdie artikel van Allan Nation, redakteur van die *Stockman Grass Farmer,* "Grain Fattening Bulls Lowers Fertility", het my finaal laat besluit om 'n studie te doen om myself te oortuig.

Hierdie tipe opmerking laat jou ernstig besin. "In a study at the Lethbridge Research Centre, bulls that were grown from weaning to maturity on 100% forage diets, had 13% greater efficiency of sperm production, 19% more daily sperm production and 52% greater sperm reserves. The sperm production of the grain-fattened bulls were all extremely marginal in both total sperm production and total motility. The forage-fed bulls had much better testicular tone, which is generally associated with improved seminal quality.

"It appears that the grain-fattened bulls were unable to cool the scrotum due to excessive fat deposits in the neck of the scrotum. The thermoregulatory mechanism maintaining the testes at ideal temperatures may be overwhelmed by increased scrotal insulation. The researchers concluded that for the best fertility, bulls should be grown from weaning to maturity on non-grain, forage diets.

"Diven said that fat cells, once formed, are permanent. Any subsequent attempt to put the bull into breeding condition will again result in fat in the scrotum and a subsequent decline in sperm production and motility. The bottom line is that a bull that has been made fat is for all intents and purposes ruined forever,' he said."

Daar sal nog lank bespiegel word oor wat reg is. Ek het prof. Frikkie Neser genader vir 'n studie en hy het die projek vir Elzaan Fourie gegee. Die studiedoelwit was as volg:

"Grain-fattened versus veldt-raised young bulls: the effects on production, fertility and costs."

Ons het die 2009 groep bulle geneem hulle in twee spieëlbeeldgroepe ten opsigte van vadernageslag verdeel. Daar was uiteindelik 17 bulletjies in elke toets. Ek wou vir myself uitmaak of bogenoemde bewerings waar is

en of die rantsoen wat ek gebruik, ook dieselfde negatiewe effek sal hê op vetaanpakking soos beskryf in Allan se artikel. Verder wou ek die twee metodes van evaluering met mekaar vergelyk ten opsigte van die ontwikkeling van die bulle en natuurlik die koste, wat ALTYD 'n faktor is. Ek wou ook uitklaar of ons nie, onder die beskerming van die wetenskap, diere benadeel, soos die aantygings van oral kom nie. Ek verkoop bulle op tweejarige ouderdom, so, ek moes ook sien of daar 'n evaluasiemetode is wat beter pas by hierdie praktyk. Ek moes ook na my eie bankrekening omsien.

Die Intensiewe groep (genoem groep 1) is op my bestaande manier getoets: 'n 112 dae (28 + 84) intensiewe Fase D in die krale met die amptelike Fase C groeimeel, voorgeskryf deur die LNR en vervaardig deur Putter Voere van Theunissen. Die groei was 1,888 kg/dag gemiddeld oor die 84 dae-toetsperiode ná die amptelike afsluiting deur die LNR beampte, Bernard Burger. Ons het ook die RTU-evaluasie op beide groepe gedoen. Daarna het die normale keuring gevolg maar die afgekeurde bulle is nie geslag nie, omdat ons hulle en dié van die ekstensiewe toets se semen later saam wou evalueer. (Die bewering hierbo sê dat vetaanpakking onomkeerbaar is.) Hierdie toets het in Mei begin en in Augustus geëindig, waarna die bulletjies veld toe is vir die laaste ses maande tot die intensiewe toets sou afsluit op dieselfde rantsoen as die ekstensiewe toets.

Die Ekstensiewe groep (genoem groep 2) was in 'n lang, uitgebreide toets tot April die volgende jaar met geborgde Voermol-produksielek gedurende die wintermaande en Supermol in die somermaande. Dit is 3 keer per week uitgesit teen aanbevole innames van 1 200 g/GVE/dag. Dit was ook die produkte wat ek reeds lank op die plaas gebruik. Hierdie grafiek toon die verskil in gewig oor die tydperk. Let op die groot verskil einde Augustus (142 kg,) en hoe die ekstensiewe groep gekompenseer het. Die verskil aan die einde van die toets was slegs 37 kg en die karkasgewigte was 34.79 kg.

Die ekstensiewe toets is begin April afgesluit. Die formele keuring deur die Genootskap is gedoen en beide groepe bulle se semen is op die plaas getoets. Daarna is sewe bulle uit elke groep geslag en die skrotums is verder deur dr Louis Swalbach in die laboratorium ontleed. Hier het hy hoofsaaklik gekyk na die vetaanpakking in die skrotumnek. Hier volg 'n uiteensetting van daardie ontledings:

Die volledige evaluasie is beskikbaar maar wat ek hier wil uitlig, is die skrotale vet (g) van die twee groepe: Intensief 64,51 en ekstensief 51,86, wat 'n verskil van 12.65 g verteenwoordig, wat nie statisties beduidend is nie. Daar was ook geen beduidende verskille met die semenevaluasie op die plaas tussen die twee groepe nie.



Net na afloop van die intensiewe toets einde Augustus, het hulle so gelyk. Dit is belangrik om te noem dat hierdie verskil slegs as gevolg van voeding is. (Gewigsverskil = 142 kg)

Die koste van die twee groepe is ook noukeurig geëvalueer. Hier volg 'n uiteensetting. Ek moet sê dat dit vir my ook verbasend was dat die verskil so klein is. Die koste met die intensiewe metode vir 112 dae is hoog, terwyl die koste van die veldtoets oor 'n langer tydperk versprei word en

dus die impak minder gevoelig maak, maar aan die einde is dit omtrent dieselfde.

Hierdie foto wys hoe die diere begin Desember gelyk het. Neem in ag dat die eerste reënval eers op 18 Desember plaasgevind het.
Weereens is die verskil slegs voeding. (Gewigsverskil = 81kg)

	Intensief (Rand)	Ekstensief (Rand)
Koste van fase 1	40 882,50	5 704.00
Koste van fase 2	7 853,33	11 780.00 *
Totale koste	48 735,83	17 484.00
Geleentheidskoste, omdat		
minder koeie aangehou word	-22 184,06	
Verskil in graderingskoste	-4 205,14	
Finale werklike totale koste	22 346,63	17 484.00
Koste/bul	1 241,48	971.33
Verskil in koste/bul		**270.15**

* slegs 10 bulle in intensief en nog 18 in ekstensief

Op 6 April is die ekstensiewe toets afgesluit. Al die bulle se semen is getoets en die bulle wat geslag is, se skrotums is deur Louis Swalbach ondersoek. Die volledige amptelike resultate sal op aanvraag beskikbaar gestel word. (Gewigsverskil 37 kg) Wat die ontwikkeling van die twee groepe betref, het die paneel gemeen dat ontwikkeling ongeveer dieselfde was, met die intensiewe groep wat dalk effens beter ontwikkel het. Die rede hiervoor kan wees dat die diere net vroeër volwasse geword het.



> #

Wat al die inligting vir my as teler sê:

- Dat daar 'n groot verskil is in dienegatiewe effekte van groeimeel vs. 'n vetmesrantsoen.
- Dat ons nie ons diere benadeel deur hulle met die amptelike fase C rantsoen te ontwikkel nie.
- Dat daar geen verskil was in my evaluasie van die twee groepe se semenkwaliteit nie.
- Daar was geen verskil in die skrotale vet (g) van die twee groepe nie.
- Die verskil in koste is weglaatbaar wanneer jy die geleentheidskoste van minder koeie en swakker gradering in berekening neem.
- Dat geen groep bevoordeel of benadeel word tydens die keuringsproses nie.
- Dat daar geen verskil is tussen die groepe op twee jaar ouderdom nie.
- Dat jy die praktyk kan gebruik wat by jou omstandighede pas.
- Dat die aantygings teen intensiewe voeding moontlik toegeskryf kan word aan die gebruik van die verkeerde rantsoene.
- Dat die intensiewe toets gedoen kan word om aan te pas by die Mildex-grafiek vir beste pryse.

Op tweejarige ouderdom is daar geen sigbare verkille nie. Watter bul dink jy was in die ekstensiewe toets?

Dankie aan almal wat gehelp het om die toetse te doen en die inligting aan die bedryf bekend te maak. Prof Frikkie Neser UFS (studieleier), Elzaan Fourie (student), Hendrik van Pletzen en Rob Harris van Voermol, Bernard Burger van LNR, dr Louis Swalbach (veearts), Manus Putter (Putter Voere) en natuurlik my mense op die plaas. Nou praat ek nie meer oor wat ek gelees het nie maar oor wat ek self ondervind het. Ek is finaal oortuig. Die regte rantsoen benadeel nie diere nie.

Kontak my gerus vir meer inligitng: 083 325 3047